

Boekbekendstelling


Hierdie agt tekste word allerweë deur letterkundiges as klassieke werke in hul oorspronklike tale beskou. Hulle vorm deel van 'n vertaalprojek wat deur die *Centre of Multilingualism and Diversity Research (CMDR)* [Sentrum vir Veeltaligheid en Diversiteitsnavorsing] aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) onderneem is. Dit is die eerste keer dat dié tekste oor tale heen vir 'n breë leserspubliek beskikbaar is.

Wat die tekste gemeen het, is dat almal deur swart skrywers vir swart lesers geskryf is én dat die ontwrigtende invloed van die Weste/witheid op implisiete of eksplisiete wyse daarin aan bod kom.

Die projek is deur die National Institute of the Humanities and Social Sciences [Nasionale Instituut vir Sosiale en Geesteswetenskappe] befonds as deel van hulle Catalytic Research Programme [Katalitiese Navorsingsprojek].

Ityala Lamawele / Lawsuit of the twins


SEK Mqhayi se *Regsgeding van die tweeling* is waarskynlik die bekendste van die agt tekste. Dit word reeds dekades lank voorgeskryf en ontleed vanweë die inheemse regsterminologie en -prosedures daarin. Beskouings oor leierskap, verantwoordelikheid en en gemeenskap lê die werk – wat sowel verbeeldingryke scenario's as pragtige poësie bevat – ten grondslag. Die inleiding is deur prof. Pamela Maseko geskryf. Die vertaler is Thokozile Mabeqa.



“My first encounter with Ityala Lamawele was when we were political prisoners on Robben Island. In our poetry sessions, two of our comrades recited the forensic arguments in impeccable Isixhosa. Beyond the majestic language, I was intrigued by the tightly woven and compelling arguments in support of the competing claims. In any language, Ityala Lamawele is a classical tale of kinship, power and thoughtful contestation. It will please and teach at once.” – Dikgang Moseneke

Udonjadu / Don Jadu


Hoewel hierdie Mqhayi-teks redelik moeilik bekombaar is en dikwels in 'n veel oeur ortografie verskyn, is dit by meer as een geleentheid deur pres. Thabo Mbeki in die parlement aangehaal. Dit beskryf 'n moontlike Utopie waarin mense in harmonie en voorspoed onder swart leierskap kan saamleef. Die inleiding is geskryf deur prof. Ncedile Saule. Die vertalers is Thokozile Mabeqa, Nosisi Mpolweni en Thenjiswa Ntwana.



“There is no better time than today to present Mqhayi’s Don Jadu to the South African communities at a time when the South African contemporary society is attempting to restructure itself in order to regain lost values before it could successfully and rationally embrace the values of other people.” – Ncedile Saule

Noma Nini / No matter when


Maak nie saak wanneer nie is in wese 'n romantiese liefdesverhaal wat teen die angswekkende agtergrond van die stryd tussen “bekeerdes” en “heidene” afspeel. BW Vilakazi se uitnemende intellek en talent as digter maak daarvan 'n literêre juweel. Die vertaler, dr. Nkosinathi Sithole, beskou die teks as 'n tematiese voorloper van Chinua Achebe se *Things fall apart*.



“Noma Nini is a foundational text in the history of the African novel, a fact that its welcome translation will definitely impress upon a larger readership. Decades before the nationalist prose of the 60s and in an African language and a style that weaved orature into its form, Vilakazi courageously and insightfully grappled with the complicated themes that flowed from the encroachments of Christianity, colonialism and industrialization in South Africa. The narrative is a deft and evocative meditation on the pleasures, tensions and contradictions that confronted African converts and intellectuals. The politics of change, race, culture, gender and identity are front-and-centre in the text and invite further reflection from contemporary readers.” – Bhekizizwe Peterson

Asikho ndawo bakithi / Home is nowhere

Nêrens tuis nie is 'n veel meer onlangse teks as die ander. Dit beskryf die verskriklike lewe van 'n hawelose gesin teen die agtergrond van politieke skermutselinge tussen die ANC en IVP in KwaZulu-Natal. MJ Mngadi is die wenner van die JL Dube/Via Afrika-toekenning vir prosa; die BA Vilakazi/Shuter and Shooter-toekenning; die M-Net-boekprys; die De Jager/HAUM-prys; die Usiba Writers' Guild Kenneth Bhengu Aktua-toekenning en die SALA-toekenning vir lewenslange bydrae tot isiZulu-letterkunde. Die vertaler is dr. Nakanjani Sibiya.




"Justice has been done. The translation of this modern-day isiZulu classic is long overdue. Now, for the first time, the wider world out there will get drawn into the throbbing heart of the unofficial civil war that wrecked South Africa from the mid-1980s right up to the day of the first democratic elections in 1994. By turns tender and furious, this novel will change the way the world sees South Africa." – **Fred Kumalo**

Mosadi a nkholo / She's to blame

Dis haar skuld is 'n boeiende teks waarin beskryf word wat gebeur wanneer 'n samelewing onder eksterne druk verkeer. Die vertelling verloop teen 'n flinke pas en beeld die lewe in 'n klein koninkryk in Lesotho tydens die Britse Protektoraat op ontstemmende wyse uit. Die vertaler is prof. Johan Lenake.


"The dichotomies between justice and injustice, educated and uneducated people, backward and advanced culture all contribute to one central idea, namely that if a foreign culture is imposed on a people, it is bound to disrupt the social fabric of their lives, thus causing mental dislocation, emotional displacement as well as confusion of self-knowledge among them. This is in short what deculturation amounts to." (Cambridge History of South African literature, p. 614) – **T. Selepe**





Senkatana


Hierdie pragtige toneelstuk, geskryf deur die begaafde SM Mofokeng in sy twintigerjare, is suiwer filosofie en poësie. Dit benut die bekende fabel van Kgodumodumo om die essensie van menswees, en van samelewing-wees, te ondersoek. Die dialoog tussen moeder en seun maak daarvan iets buitengewoon aangrypend. Die vertaler is prof. Johan Lenake.



“What happens to a people after they have been liberated from oppression? In this play which he published in 1952, four years after the system of apartheid was established, Sophonia Machabe Mofokeng throws this vital question at South Africans in 2018 from his grave. Twenty-three years after South Africans created a visionary constitutional democracy on the hot ashes of apartheid, Mofokeng’s question will haunt them with the brilliant prescience of a twenty-nine year old seer, a gifted dramatist who was thirty-four years old when he died in 1957. Let us restate his question: how can a people in pursuit of social justice save themselves from their own evils? Senkatana grounds the search for an answer to this potentially redeeming question in a popular legend, exploring its capacity to peer deeply into the human condition.”
– Njabulo Ndebele

Megokgo ya Bjoko / Tears of the brain


OK Matsepe is die reus van Sesotho sa leboa-letterkunde en die skrywer van talle romans en gedigte. *Trane van die brein* verken die lewens van mense wat aan hekserij probeer vasklou terwyl dreigende kragte rondom hulle opbou. Die struktuur van die vertelling is uitsonderlik en die taalgebruik tegelyk fors én fyn. Die vertalers is Seleka Tembane en Lucy Ndlovu.



“It is testimony to the imaginative energy of Tears of the Brain that the distant world it represents should resonate so deeply with our present. Matsepe shows us a society under pressure, full of contending voices, where small deceptions easily escalate into bitter conflict – without which, he assures us, no change is possible. This translation is a timely expansion of our literature: it offers us an ironic, worldly perspective on power and its abuse, on leadership and responsibility.” – Ivan Vladislavic

Stitching a whirlwind – Poetry Anthology

Hierdie bundel is dalk nie die eerste versameling inheemse gedigte nie, maar beslis die eerste een waarin elke gedig in vyf tale vertaal is. Die gedigte word gekenmerk deur 'n bemoeienis met die geskiedenis, 'n swart estetika en 'n merkwaardige wêreldbeskouing. Aangesien 'n mens nie in 'n land kan woon waarvan jy die poësie nie ken nie, verteenwoordig dié bundel 'n hoogtepunt van die vertalingsprojek. Die vertalers is Nkosinathi Sithole, Biki Lepota, Tšepiso Mothibi, Gabeba Baderoon, Stephen Masote, David wa Maahlamela, Fred Kumalo, Koos Oosthuysen, Ncedile Saule, Thokozile Mabeqa, Zukile Jama, Antjie Krog, Johan Lenake en Loyiso Mletshe.



"The first step in a praiseworthy project of opening up to the world the treasure-house of indigenous South African poetry through the medium of English translation." – J.M. Coetzee